PSALM 9 : Die Here red die hulpelose

Vir die koorleier: Op die wysie van *"By die dood van die seun"*. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks: TT Cloete 2001.
Melodie: *Ek sal van ganser harte, Heer* – Johannes de Heer 1937; ritmies aangepas

Refrein



Voorg: Met my hele hart wil ek U prys, Here, wil ek van u magtige reddingsdade vertel.
Oor U wil ek my verbly en vrolik wees, u Naam wil ek besing, o Allerhoogste.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.
Voorg: Toe U verskyn het, het my vyande gevlug, hulle het gestruikel en omgekom.
Toe U op die troon gaan sit het as betroubare regter, het U aan my reg laat geskied.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.
Voorg: U het die nasies met vernietiging gedreig, die skuldiges laat omkom,
hulle naam vir altyd uitgewis.
Dit is klaar met die vyand, laat bly net puinhope oor.
U het hulle stede verwoes, niemand dink eers meer aan hulle nie.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.
Voorg: Die Here is altyd op sy troon; op sy regterstoel is Hy gereed vir die regspraak.
Hy lewer 'n regverdige uitspraak oor alle mense, Hy vel 'n billike vonnis oor die nasies.
Vir die mens wat in gevaar verkeer, is die Here 'n toevlug, 'n skuilplek in tye van nood.
Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U,
want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.
Voorg: Sing tot eer van die Here wat op Sion woon, vertel die volke van sy dade!
Hy dink aan die onskuldiges en wreek hulle dood,
Hy verontagsaam nie die geroep van dié wat in nood verkeer nie.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.
Voorg: Wees my genadig, Here, aanskou die ellende wat my haters my aangedoen het,
U wat my terugruk uit die poorte van die dood.
Dan kan ek van al u roemryke dade vertel.
In die poorte van Sion kan ek juig oor die uitkoms wat U gegee het.
Die nasies het in die gat geval wat hulle gegrawe het,
hulle voete is vasgevang in die net wat hulle gespan het.
So het die Here Hom bekend gemaak, Hy het reg laat geskied,
en die skuldige is deur sy eie handewerk gevang.
Die doderyk is die bestemming van die skuldiges,
van al die nasies wat aan God nie dink nie.
Waarlik, die behoeftiges word nie vir altyd vergeet nie,
nie vir ewig sal die verwagting van dié wat in nood is, vrugteloos wees nie.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.
Voorg: Gryp tog in, Here, sodat die mens hom nie verhef nie.
Laat die nasies voor U teregstaan.
Vervul hulle so met vrees, Here, dat hulle erken dat hulle net mense is.
Refrein: Ek stel in U al my vertroue.